# 22 *Dinsdag*

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 28:1-10**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 28:6**

## Publius – Verkondig die evangelie deur dade

Publius was die hoofman van die eiland Malta. Hy was vriendelik teenoor Paulus en die res van die geselskap wat naby Malta gestrand gelaat was. Paulus en sy reisgenote is op pad na Rome toe, waar hy voor die keiser moet gaan verskyn.

Dié tyd van die jaar was egter nie ’n goeie tyd om met ’n skip van Sesarea na Rome te vaar nie. Ná 15 dae van ’n stormwind op see het die skip met 276 mense aan boord op ’n sandbank naby die eiland Malta gestrand. Almal het veilig die strand bereik deur die kort afstand na die strand toe te swem of om aan planke en ander wrakstukke vas te klou (Hand. 27:44).

Die mense van Malta was baie vriendelik en gasvry. Hulle het die skipbreukelinge met ope arms ontvang en op die koue aand warm probeer maak. Paulus help om hout aan te dra en op die vuur te sit, en ’n giftige slang pik hom. Die mense van die eiland verwag dat hy sou doodgaan. Hulle dink eers dat gode die slang gestuur het om hom te straf. Paulus swel egter nie op of slaan skielik dood neer nie. Paulus word deur God bewaar vir ’n veel groter taak voor die keiser in Rome wat hy nog moes voltooi.

Publius se pa was siek aan maagkoors. Paulus bid vir hom en lê hom die hande op, en hy word gesond. Paulus preek nie soos hy gewoonlik gedoen het nie, maar hy is self ’n getuie deur toe te laat dat ander mense sien hoe God in hom en deur hom werk. ’n Hoër hand is aan die werk.

Ons is nie almal begaafde predikers nie. Onthou egter: *“Preek altyd die evangelie: as dit nodig is, gebruik woorde.”* Wees sigbare getuies deur ander te laat sien wat God in jou lewe doen.

*Sing: Psalm 150:1, 2 (2001)*

*Dr. Jan Lion-Cachet (Klerksdorp)*